

Tema: Dit reën kate en honde

Wiskundeprbleme: Toepaslik vir graad 4 tot 6

30

Belangrik: Hierdie vrae kan in enige volgorde beantwoord word - of onderwysers kan enige van die woordsomme hieronder kopieër en dit in hul eie vraestelle inplak.

1. Hoeveel pote is in die lug indien daar 20 honde en 30 kate neer reën? (1)
2. Elke hond dra twee sokkies aan sy agterpote. Hoeveel honde reën neer indien daar 300 sokkies in die lug is? (1)
3. Indien $\frac{1}{3}$ van die 300 diere daarvan hou om in die lug te wees, hoeveel diere hou nie daarvan nie? (1)
4. Elke keer as 3 honde die grond tref, volg 6 kate direk daarna. Hoeveel honde tref die grond as 24 kate direk na hulle land? (2)
5. Elke dier wat die grond tref, is vreeslik honger. Daar kan 2 honde saam eet aan een sak pille en 4 kate deel 'n bak met katkos. Die man wat die diere kos gee, moet voorsiening maak vir 36 kate en 80 honde. Hoeveel sakke pille en bakke katkos het hy nodig? (2)
6. Daar reën 8 keer meer honde uit die hemel as kate. Daar reën altesaam 100 kate uit die hemel. Hoeveel diere reën neer? (1)
7. Elke hond verteenwoordig 50 mm reën en elke kat verteenwoordig die helfte van hierdie hoeveelheid reën. Hoeveel reën val in totaal neer (gemeet in mm) indien dit 3 honde en 2 kate reën? (2)
8. 'n Boer kamp 'n reghoekige gebied op sy plaas af (5 m x 500 m) sodat die honde en kate daar kan land. Hy wil die kamp 'n ander vorm laat aanneem met ander afmetings. Watter ander vorm en afmetings kan hy gebruik indien hy die area (oppervlakte) van die kamp dieselfde wil hou? (3)
9. Die gewig van een hond is sowat 23,5 kg en die gewig van een kat is sowat 5 000 g. Bereken die gewig van 3 honde en 4 kate. (Gee jou antwoord in kilogram.) (3)

10. 'n Dam benodig 10 000 ℓ water voordat dit vol is. Dit reën vir 24 uur lank en elke uur val daar sowat 250 ℓ water in die dam. Dit het die oggend 06:00 begin reën. Presies hoe laat sal die dam halfvol water wees? (3)
11. Jy verdien R40,50 vir elke hond en R23,20 vir elke kat wat jy red. Jy red 5 honde. Hoeveel katte moet jy red om R318,50 sakgeld te verdien? (3)
12. 50% van 5 ure reën dit baie swaar. Hoe lank reën dit só swaar? (Gee jou antwoord in minute.) (2)
13. Indien dit slegs een keer elke skrikkeljaar so swaar reën, hoeveel keer reën dit so swaar in 20 jaar? (1)
14. Indien dit vir 4 dae, 8 ure en 480 minute aanhoudend reën, hoe lank reën dit altesaam in ure? (2)
15. Indien jy 2 honde elke 6 minute uit die lug kan vang, hoeveel honde sal jy in een uur kan vang? (1)

Totaal: [30]
